[PROMOSIE] **MELOMED**

# Melomed Bellville bied sorg van hoogstaande gehalte

Melomed se vlagskip, Melomed Bellville, bied bekostigbare, gehalte-gesondheidsorg aan alle pasiënte. Die hospitaalgroep se gevestigde tradisie het hul fokus op voorheenbenadeelde gemeenskappe bewys, met hospitale soos die Melomed-takke in Gatesville en Mitchells Plain.

Met 123 beddens, pasiënt-vriendelike geriewe en die nuutste tegnologie spog Melomed Bellville met net die beste in gehaltesorg. Weelderige privaat sale met en suite-badkamers en platskermtelevisies, en algemene sale met volle elektroniese beddens, toegang tot die internet en telefoondienste by elke bedkassie, is maar net 'n paar van die geriewe wat beskikbaar is by Melomed Bellville.

Die pediatrie-eenheid by Melomed Bellville bied prettige, helder dekor en 'n speelplekkie wat 'n omgewing skep vir kinders om gouer te kan herstel.

Met meer as 30 spesialiste, wat strek van pediaters tot interniste, spreekkamers by die hospitaal self en volledige patologielaboratorium (Pathcare) wat beskikbaar is vir bloed- en ander toetse, is Melomed Bellville inderdaad die vlagskip vir die Melomed-groep.

MELOMED
HOSPITAL HOLDINGS LTD



**Melomed Bellville spog met die nuutste tegnologie sodat sy pasiënte gehaltesorg ontvang. FOTO: VERSKAF**


**NOU OOP!**

# 24-UUR TRAUMA/NOODEENHEID

MELOMED
HOSPITAL HOLDINGS LTD

## BY MELOMED BELLVILLE
## H/V VOORTREKKERWEG EN AJ WESTSTRAAT, BELLVILLE

- Ultramoderne fasiliteit toegerus met die nuutste mediese tegnologie, aangevul deur 'n wye verskeidenheid spesialiste.
- Ons 24-uur-noodeenheid word beman deur hoogs gekwalifiseerde en bekwame dokters en personeel.
- 24-uur-ambulansdiens. Beskikbaar op die perseel vir enige noodvervoer van pasiënte na die hospitaal.
- Hierdie fasiliteit is 24 uur per dag oop en aanvaar alle mediese fondse, beserings aan diens (WCA) en pasiënte wat privaat betaal.




MELOMED 24
NOODAMBULANSDIENS
by Melomed Bellville

**0800 786 000**



MELOMED
HOSPITAL HOLDINGS LTD
GATESVILLE MITCHELLS PLAIN BELLVILLE

webtuiste: www.melomed.co.za
tel: 021 948 8131

*Gesondheidsorg wanneer jy dit regtig nodig het!*


NAWEEK BURGER 28 AUG. 2010

BL 4

NAWEEK BURGER BL 5

Saterdag 28.8.2010

PROMOSIE **MELOMED**

# Melomed-hospitaalgroep vier jare van toegewyde groei en gehaltediens

Al verdwyn die feestelikheid stadig maar seker met die sokkerkoors wat nou verby is, is daar nog 'n goeie rede om fees te vier hierdie jaar – die Melomed-hospitaalgroep vier sy 21ste verjaarsdag.

Melomed, die grootste privaat hospitaalgroep in die Wes-Kaap wat ten volle inskiklik is ten opsigte van swartbemagtiging, vier vanjaar 21 jaar van toegewyde groei en uitmuntendheid. Melomed is trots om gesondheidsorg van 'n uitsonderlike hoë standaard in sy drie hospitale, Melomed Bellville, Melomed Gatesville en Melomed Mitchells Plain, aan die mense van die Wes-Kaap te voorsien. Om te hou by Melomed se hoofmikpunte om bekostigbare en gehaltegesondheidsorg aan pasiënte te lewer, ondergaan alle Melomed-hospitale tans instandhoudings- en opgraderingswerk in alle gebiede waar daar 'n behoefte geïdentifiseer is. Melomed Mitchells Plain ondergaan tans 'n vernuwingsproses wat verseker dat pasiënte en personeel baat uit 'n moderne omgewing met die nuutste tegnologie. Melomed Gatesville ondergaan tans aanbouingswerk wat gebruik sal word vir addisionele beddens en opwindende nuwe mediese dienste soos 'n dialise-eenheid, 'n onkologie-eenheid en 'n kerngeneeskunde-eenheid.

Melomed Bellville, die baba onder die klomp, is nou 'n jaar oud en is onlangs gelisensieer vir 'n kateterisasielaboratorium (harteenheid). Hierdie hospitaal wat die vlagskip van die groep is, spog reeds met uitstaande spesialisgeriewe, insluitend kraamsale, neonatale intensiewe-sorgeenheid, pediatriese sale, mediese sale, 'n intensiewesorgeenheid en chirurgiese sale – almal weelderige toegerus met privaat en semi-private sale. Die sorg van pasiënte is die kern van Melomed se bedrywighede, daarom val die klem nie slegs op die verskaffing van die nuutste tegnologie of sorg nie, maar die mikpunt is eerder om te verseker dat elke pasiënt se verblyf by die hospitaal gerieflik en sonder enige onnodige stres is. Dit word gedoen deur aandag te gee aan die fyner detail van elke gerief by dié hospitale.

Omdat Melomed sy eie ambulansdiens het wat ten volle gesteun word deur toegeruste trauma-eenhede en personeel wat goed opgelei is in noodmedisyne, kan pasiënte by al die Melomed-hospitale verseker wees van vinnige toegang tot opgeleide en doeltreffende nooddienste. Melomed se voortgesette toewyding tot die voorsiening van gehaltesorg het die implimentering van 'n nuwe kwaliteitstelsel tot gevolg. Dié hoë standaard van gehaltesorg, tesame met hul deursettingsvermoë om gehoor te gee aan die spesifieke behoeftes van hul kliëntebasis, gee die Melomed-groep 'n eiesoortige beeld in die gemeenskap wat hulle dien.



**Die Melomed-hospitaal in Belville is alreeds 'n jaar oud en vier dit saam met die Melomed-groep se 21ste verjaarsdag – beslis 'n jaar van feesvieringe vir Melomed.** **FOTO: MICHAEL HAMMOND**

MELOMED
HOSPITAL HOLDINGS LTD

NAWEEK BURGER 28 AUG. 2010 B15



SSEM Mthembu

*Medical Equipment, Supplies & Logistics*

**UNIT 2, SUNBIRD PARK, PASITA STREET, ROSENPARK, BELLVILLE**
**TEL: 021 943 1440 FAX: 021 914 7022**

**ONS WENS MELOMED GELUK MET HUL 21STE VERJAARSDAG EN ALLE VOORSPOED VIR DIE TOEKOMS**

SSEM-28-08-10-ILL

---

# WT WASHTUB

INDUSTRIËLE WASSERYDIENSTE
Gestig 1995

Glenhurstweg 17, Beaconvale, Parow Industria 7500
Tel. 021 931 3786 • Faks 021 931 8786 • Selnr. 082 786 5897
E-pos: thewashtub@xsinet.co.za



**Geluk, Melomed, met u 21ste verjaardag. Beste wense vir die volgende 21 jaar.**

# Kom deel jou stories en word so geïnspireer

Melomed-hospitaalgroep het 'n ondersteuningsgroep geloods wat MeloHearts genoem word. Byeenkomste van dié groep vind plaas by Melomed Gatesville. Die Hart- en beroerte-stigting van Suid-Afrika rugsteun hierdie projek, wat 'n bymekaarkomplek bied vir pasiënte met hartprobleme asook hul familie en vriende wat wil keer dat hierdie tragedie weer plaasvind.

Jy kan gratis by hierdie groep aansluit en almal is welkom.

Kontak me. Murishca Martheze by ☎ 021 637 6450 of me. Carmen Loots van Melomed by ☎ 021 637 8100, of besoek gerus www.melomed.co.za vir meer inligting.













NAWEEK BURGER 28 AUGUST 2010

B1 5